basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.**

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | *A✓ Onthou, maklik (F p 159, S p 176)* | (1) |
| | 1.1.2 | *B✓ Onthou, maklik (F p 157, S p 173)* | (1) |
| | 1.1.3 | *A✓ Onthou, maklik (F p 164, S p 188)* | (1) |
| | 1.1.4 | *D✓ Onthou, maklik (F p 80, S p 93–94)* | (1) |
| | 1.1.5 | *C✓ Onthou, maklik (F p 79, S p 94)* | (1) |
| | 1.1.6 | C✓ *Onthou, Matig* (F p 75, S p 83–85) | (1) |
| | 1.1.7 | C✓ *Onthou, Matig* (F p 83, S p 98) | (1) |
| | 1.1.8 | D✓ *Verstaan, maklik* (F p 104, S p 126) | (1) |
| | 1.1.9 | C✓ *Toepassing, maklik* (Graad 11) | (1) |
| | 1.1.10 | A✓ *Toepassing, maklik* (F p 59, S p 65) | (1) |
| | 1.1.11 | D✓ *Onthou, maklik* (F p 182, S p 201) | (1) |
| | 1.1.12 | B✓ *Onthou, matig* (F p 127, S p 145) | (1) |
| | 1.1.13 | C✓ *Verstaan, maklik* (F p 117–121, S p 137–140) | (1) |
| | 1.1.14 | B✓ *Verstaan, maklik* (F p 141, S p 16) | (1) |
| | 1.1.15 | A✓ *Toepassing, moeilik* (F p 117, S p 136) | (1) |
| | 1.1.16 | D✓ *Toepassing, moeilik* (F p 120, S p 139) | (1) |
| | 1.1.17 | C✓ *Onthou, maklik* (F p 37, S p 36) | (1) |
| | 1.1.18 | B✓ *Onthou, maklik* (F p 35, S p 35) | (1) |
| | 1.1.19 | B✓ *Verstaan, maklik* (F p 18, S p 22) | (1) |
| | 1.1.20 | A✓ *Verstaan, maklik* (F p 7, S p 11) | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | Spesifikasies (van die produk) ✓ (F p 8–9, S p 15) | (1) |
| | 1.2.2 | Aanvangskoste/voorbedryfskoste✓ (F p 11, 35, S p 18) | (1) |
| | 1.2.3 | Kwaliteitbeheer✓ (F p 16, S p 22) | (1) |
| | 1.2.4 | Volhoubare produksie✓ (F p 16, S p 22) | (1) |
| | 1.2.5 | Produksiekostes✓ (F p 36, S p 35) | (1) |

*Onthou, maklik*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | B✓ | (1) |
| | 1.3.2 | C✓ | (1) |
| | 1.3.3 | A✓ | (1) |
| | 1.3.4 | G✓ | (1) |
| | 1.3.5 | F✓ | (1) |

*Verstaan, Matig* (F p 117–122, S p 140, 146–147)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | D✓ ii✓ (F p 73, S p 90) | (2) |
| | 1.4.2 | F✓ v✓ (F p 82, S p 94–95) | (2) |
| | 1.4.3 | E✓ vi✓ (F p 82, S p 94–95) | (2) |
| | 1.4.4 | C✓ iii✓ (F p 69, S p 80) | (2) |
| | 1.4.5 | A✓ iv✓ (F p 84–85, S p 94–95) | (2) **[40]** |

*Toepassing, moeilik*

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1
- 'n Kontrak is 'n ooreenkoms✓ wat bedoel is om wetlike regte en pligte tussen partye te skep.✓
- 'n Kontrak is 'n regsooreenkoms✓ tussen twee of meer partye✓ waar een party onderneem om iets te doen in ruil vir een of ander voordeel wat waarde het. ✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (F p 155, S p 169)

2.2
- Verlaag die temperatuur van die warmwatersilinder/geiser/Stel die warm watersilinder/geiser se temperatuur op 60 ºC.✓
- Installeer 'n tydreëlaar.✓
- Gebruik 'n kombers om die warmwatersilinder/geiser te isoleer/die warmwatersilinder✓ om hitteverlies te verhoed/om dit warm te hou.
- Isoleer die geiser se uitlaatpype✓ om hitteverlies te verhoed.
- Stort eerder as om te bad.✓/Stort gebruik minder warm water.✓/Gebruik 'n laevloeistortkop om die hoeveelheid water wat gebruik word te verminder.✓/'n Stort gebruik tot 40% minder warm water ✓
- Installeer 'n sonverhittingseenheid/sonkrag/windenergie-eenheid gekoppel aan geiser om water te verhit✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik* (F p 174, S 192)

2.3
- Verskaf basiese dienste aan alle burgers (water, elektrisiteit, ens,) ✓
- 'n Gratis hoeveelheid elektrisiteit/water/gas word per huishouding toegeken ✓
- Rioolversameling en -wegdoening ✓
- Vullisverwydering ✓
- Munisipale gesondheidsdienste ✓
- Munisipale paaie en stormwaterdreinering ✓
- Straatbeligting ✓
- Munisipale parke en ontspanningsgeriewe ✓
- Biblioteke ✓
- Brandweerdienste ✓
- Slagpale en varsvoedselmarkte ✓
- Bevorder plaaslike toerisme ✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan, Matig* (F p 183, S p 201–204)

2.4 2.4.1
- Die verbruikerprysindeks toon/meet 'n verandering/verhoging in die prys/koste✓ van 'n groep produkte en dienste✓ oor 'n jaar.
- Die verbruikerprysindeks is die instrument✓ wat gebruik word om inflasie te meet.✓
- Inflasie is die jaarlikse persentasieverandering✓ in die verbruikersprysindeks.✓
- Die inflasiekoers is die persentasie✓ waarteen die prys van goedere en dienste styg.✓
- In die uittreksel het die prys van goedere en dienste 6,4 persent oor 'n jaar gestyg.✓ Dit was dus die inflasiekoers vir daardie jaar.✓ (Enige 5) (5)

*Verstaan, Matig* (F p 167–168, S p 184–185)

2.4.2 (a) <u>Swak rand:</u>
- Moenie/Koop minder ingevoerde goedere omdat dit duurder is✓/Koop plaaslik geproduseerde produkte. (1)

(b) <u>Verhoogde brandstofprys</u>:
- Ry minder met jou eie motor/sluit aan by 'n saamryklub/ maak gebruik van openbare vervoer om die geld wat op persoonlike vervoer gespandeer word, te verminder.✓
- Gebruik die goedkoopste vervoermiddel beskikbaar.✓
- Kombineer ritte vir opdragte wat gedoen moet word om die hoeveelheid geld wat op vervoer spandeer word, te verminder.✓
- Stap waar moontlik om die hoeveelheid geld wat op vervoer spandeer word, te verminder.✓
- Koop plaaslik geproduseerde produkte omdat daar geen/ minder vervoerkostes betrokke is en dit goedkoper sal wees.✓

*Skepping, moeilik* (4)

**20**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1
- Chemiese stowwe/kunsmis/plaagdoders/onkruidmiddels wat die natuurlike omgewing skade kan berokken, word nie gebruik nie.✓
- Water is skoner/minder besoedeling. ✓
- Organiese boerdery verbeter die kwaliteit van die grond.✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik* (F p 104, S p 125)

3.2
- Gebruik sout spaarsamig/nie meer as 5 g sout behoort daagliks ingeneem te word nie.✓
- Kyk vir sout, natrium, natriumchloried en mononatriumglutamaat op die bestanddelelys van geprosesseerde voedsel.✓
- Geur voedsel met kruie en speserye in plaas van sout.✓
- Vermy sout geprosesseerde voedsel, soos gerookte vleis/spekvleis/ 'macon'/biltong/aartappelskyfies/gesoute neute/gesoute springmielies.✓
- Eet lae vet/minder versadigde vet om gewig te verloor/gesonde gewig te behou.✓
- Gebruik lae vet/afgeroomde suiwelprodukte.✓
- Kalsium/melk/melkprodukte✓, kalium/piesangs/aartappels✓en magnesium/groen blaargroentes✓ kan help hoë bloeddruk te verlaag.
- Beperk alkoholinname.✓
- Drink minder koffie/tee.✓
- Eet baie vars vrugte en groente✓
- Eet hoë vesel/volgraankosse in plaas van verfynde graanprodukte.✓

(Enige 5) (5)

*Onthou, maklik* (F p 77, S p 87, 88)

3.3 3.3.1 Lesitien
- Emulsifiseerder✓
- Verhoed dat olie en water skei/maak dit moontlik vir olie en vloeistowwe om te meng/stel olie en water in staat om te meng✓
- Verskaf 'n egalige/beter tekstuur (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (F p 102, S p 123)

3.3.2 Vitamien C
- Anti-oksidant✓
- Voorkom die oksidasie van voedsel,✓voorkom dat voedsel galsterig word✓ of verkleur✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (F p 94, S p 114)

3.3.3 Swaeldioksied
- Voorkom verbruining in gedroogde vrugte/vrugtesappe ✓ (1)

*Onthou, maklik* (F p 94, S p 114)

3.4 Cholesterol kom in die bloed voor en kan aan die binnekant van die are opbou✓as die vlak in die bloed te hoog raak.✓ Die gedeponeerde stof word plaak genoem,✓ dit laat die are vernou✓, verdik✓ en hard word✓. Dit staan bekend as aterosklerose.✓ Dit blokkeer die vloei van bloed en suurstof na die hart.✓ Veroorsaak hartversaking/hartaanval✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan, Matig* (F p 75, S p 84)

3.5
- 'Gebruik teen' dui aan dat die produk nie na hierdie datum bemark kan word nie/nie verkoop kan word nie.✓
- Dit kom voor op bederfbare produkte bv. melk/vleis/vis✓
- 'Gebruik teen' toon hoe lank die produk van goeie gehalte✓ en veilig sal wees om te eet.✓
- Die verbruiker mag siek word/voedselvergiftiging kry as die produk geëet word na hierdie datum.✓
- Die verbruiker moet produkte met 'n 'gebruik teen' datum kies wat na die koopdatum is✓want die produk kan vroeër gebruik word✓/die verbruiker moet die etikette lees✓ as hy/syvoedselprodukte koop om te sien hoe naby die 'gebruik teen' datum is✓aan die koopdatum.
- 'n 'Gebruik teen' datum wat naby aan die verkoopdatum is✓ beteken dat die produk binne 'n kort tydperk gebruik moet word.✓
- Grootmaataankope moet liefs nie gedoen word nie✓ as die 'gebruik teen' datum naby is en daar nie geskikte bergingsfasiliteite is nie.✓ (Enige 5) (5)

*Toepassing, Matig* (F p 95, S p 86)

3.6 3.6.1 Tuberkulose✓
Asem die bakterieë in deur die lug✓ nadat die tante✓ gehoes/ genies/gespoeg/gepraat of gesing het.✓/Hulle leef in 'n saamgedronge spasie met die tante/is in noue kontak met die tante/asem vir lang periodes dieselfde lug in as die tante. (2)
*Verstaan, Matig* (F p 89, S p 104)

3.6.2
- Suiker/Heuning/Stroop✓
- Vetvrye suiwelmelkpoeier/Amasi✓
- Grondboontjiebotter✓
- Groente-olie/Botter/Margarien✓ (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik* (F p 84, S p 105)

3.6.3
- Hulle gebruik melk✓ wat kalsium ✓, fosfor✓ en vitamien D✓bevat, dit versterk die bene✓
- As die grate/bene van die vis saamgeëet word✓, sal dit kalsium verskaf✓.
- Die spinasie✓ verskaf kalsium✓.
- Soms eet hulle ingemaakte vis (olierige vis) ✓ wat Vitamien D bevat✓ wat help met die absorpsie van kalsium✓ en die opneem daarvan in die bene.✓
- Die tamaties✓, lemoene✓en aarbeie✓bevat vitamien C✓ wat noodsaaklik is vir die bou van kollageen/bindweefsel/boustof.✓
- Sy eet proteïen✓ in die vis✓ en melk✓ wat help met die opbou van bindweefsel/bou weefsels.✓
- Sy eet nie baie proteïenryke voedsel nie✓ die liggaam stel sure in die bloedstroom vry✓ wanneer proteïene verteer word, die sure onttrek kalsium uit die bene.✓ (Enige 6) (6)

NOTA: Die voedsel kan slegs 'n punt verdien as dit gekoppel word aan die korrekte nutriënt.
*Verstaan, Matig* (F p 75–76, S p 89–90)

3.6.4
- Spinasie is 'n bron van yster✓ en selenium✓ en speel 'n rol in die instandhouding van 'n gesonde immuunstelsel.✓
- Soetrissies/Tamaties/Aarbeie/Lemoene is ryk aan vitamien C✓ wat die immuunsisteem bou✓ en help mense wat herstel van infeksies✓. Vitamien C is 'n antioksidant✓ wat selbeskadiging verhoed✓.
- Spinasie/Wortels bevat beta-karoteen/vitamien A✓ en selenium✓ wat antioksidante is✓en verhoed dat selle beskadig word✓ en hou die immuunstelsel gesond.✓ Vitamien A hou die longe se weefsel ongeskonde.✓
- Vrugte en groente is kleurvol✓ en sal die persoon met tuberkulose se aptyt verbeter✓ (Enige 6)

Gevolgtrekking:
Die seisoenale vrugte en groente sal 'n positiewe impak✓ op Wendy se gesondheid hê omdat dit voldoen aan die verhoogde behoefte aan vitamiene en minerale/versterk die immuunstelsel/ beskerm die selle teen beskadiging.✓ (2) (8)
*Evaluering, moeilik (*F p 84–85, S p 100, 105)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1
- Ekonomies✓, sosiaal✓, politieke en geregtelike faktore✓ tegnologiese faktore/veranderinge.✓
- Verbruikers raak verveeld en soek na iets nuuts.✓
- Behoefte aan volhoubaarheid vra verandering in styl en materiaal wat klerevervaardigers gebruik.✓
- Biotegnologie het die weg gebaan vir 'n reeks materiale met spesiale eienskappe vir spesifieke doeleindes soos vir sportdrag.✓ (4)

*Onthou, maklik* (F p. 51, S p. 53)

4.2

| TIPE MODE | AANTAL MENSE WAT DIE STYLE AANVAAR EN DRA | TYDSDUUR VAN DIE MODE |
|---|---|---|
| Modegiere | 'n Modegier word vinnig deur 'n groter aantal mense aanvaar as die wat klassieke modes aanvaar ✓ | 'n Modegier duur slegs een seisoen/word vinnig populêr en verdwyn vinnig/kortste lewensduur ✓ |
| Mode | 'n Mode word deur die grootste groep mense aanvaar/Baie mense dra die style/meer mense dra die mode as die modegiere of klassieke modes. ✓ | Duur vir twee tot drie seisoene/duur langer as 'n gier, maar korter as 'n klassieke mode. ✓ |
| Klassieke mode | 'n Klassieke mode word deur 'n kleiner groep mense gedra✓ as die wat die mode/modegier dra. | 'n Klassieke styl duur langer as 'n modegier of mode/die langste/vir baie seisoene/ jare. ✓ |

(6)

*Verstaan, Matig* (F p. 49–50, S p. 50–51)

4.3 4.3.1 As 'n produk met opset 'n naam/logo✓gegee word, soortgelyk aan 'n welbekende handelsmerk✓om verbruikers te mislei/verbruikers sien dit aan vir die werklike handelsmerk.✓

**OF**

Die ongeoorloofde gebruik✓ van beskermde handelsmerke✓sodat dit met die oorspronklike verwar kan word. ✓ (3)

*Verstaan, maklik* (S p 72, F p 64)

4.3.2 Handelsmerkrowery/-plagiaat het 'n negatiewe invloed/skaad✓die ekonomiese omgewing omdat vervaardigers van oorspronklike handelsmerke minder produkte verkoop en geld verloor. ✓
Die beeld/reputasie van die handelsmerk word geskaad✓ verbruikers verloor vertroue in die handelsmerk en koop dit nie meer nie. ✓
Kleinhandelaars wat oorspronklike handelsmerk verkoop sal geleenthede vir werkskepping verbeur en sal werk verloor ✓dit sal aanleiding gee tot werkloosheid/ongunstige ekonomiese omstandighede.✓

Aan die ander kant kan rowery die verkope in die informele sektor✓waar vervalste handelsmerke populêr✓en meer bekostigbaar is, ✓ verstewig. (Enige 7) (7)
*Evaluering, moeilik* (F p 64, S p 72)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 5.1.1
- Deeltitel✓ (1)

*Onthou, maklik* (F p 122, S p 140)

5.1.2
- Dit is veilig/beskerm.✓
- Elke eenheid het 'n motorstaanplek.✓
- Daar is 'n hysbak van die parkeerarea tot die eenhede/ woonstelle.✓
- Maklike toegang tot vervoerroetes.✓
- Die eenhede is deur 'n bekende ontwikkelaar gebou.✓
- Die koper kan daarin woon of dit verhuur.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik*
**LET WEL:** Uit advertensie.

5.1.3
- Nasionale Huisbouersregistrasieraad/NHBRR✓ (1)

*Onthou, maklik* (F p 119, S p 139)

5.1.4
- As 'n nuwe eiendom by 'n ontwikkelaar gekoop word✓, word geen oordragkoste betaal nie.✓
- Die verkoopprys sluit BTW in✓, wat deur die ontwikkelaar betaal moet word. ✓
- Oordragkoste is slegs betaalbaar wanneer 'n eiendom van 'n vorige eienaar na 'n nuwe eienaar oorgedra word.✓ (4)

*Verstaan, maklik* (F p128, S p146)

5.1.5
- Om werknemers in diens te neem om die kompleks te versorg.✓
- Vir die onderhoud/herstel van die buitekant van die geboue/gemeenskaplike areas.✓
- Vir enige ekstra uitgawes vir die buitekant van die geboue/gemeenskaplike areas. ✓
- Om sekuriteitswagte vir die kompleks in diens te neem. ✓
- Om eiendomsbelasting en diensgelde te betaal.✓
- Versekering op die geboue te betaal.✓
- Water en elektrisiteitsgebruik vir die gemeenskaplike areas. ✓

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik* (F p 122, S p 140)

5.1.6
- Dit is 'n goeie belegging✓omdat dit die waarde sal verhoog.✓
- Die huurder betaal 'n gedeelte of/die hele lening/verband.✓
- 'n Inkomste kan verkry word as die huislening/verband klaar betaal is.✓
- Die eiendom kan as sekuriteit vir 'n banklening gebruik word.✓
- Omdat dit 'n nuwe ontwikkeling is, behoort alles in 'n goeie toestand te wees✓/aanvanklik min/geen instandhoudings-kwessies nie.✓

(6)

*Toepassing, Matig* (F p 122, S p 141)

5.1.7
- Hulle kan die huur/koste deel.✓
- Die huur is vir 'n spesifieke tydperk vasgestel.✓
- Hulle is nie verantwoordelik vir die betaling van die eiendomsbelasting en diensgelde nie.✓
- Hulle is nie verantwoordelik vir die onderhoud van die eenheid nie.✓
- Die eenheid is nuut dus behoort alles in goeie werkende toestand te wees/min onderhoudskwessies.✓
- Elkeen sal 'n eie slaapkamer vir privaatheid hê.✓
- Die balkon is 'n uitbreiding van die leefarea. ✓
- Geen tuin om te versorg nie✓, bespaar tyd✓ en koste.✓
- Dit is veilig/beskerm/daar is 'n heining/hysbak van parkeerarea na eenhede toe✓
- Maklike toegang tot vervoerroetes.✓

Gevolgtrekking: Geskikte besluit omdat hulle die koste sal deel en min verantwoordelikheid ten opsigte van onderhoud het.✓

(Enige 8) (8)

*Analiseer, moeilik* (F p 118, S p 137)

5.2 Finansiële implikasies:
'n Afbetaalverkooptransaksie is 'n tipe kredietooreenkoms.✓ Die koper betaal 'n deposito✓en die balans van die aankoopprys in paaiemente/kleiner bedrae✓ oor 'n sekere tydperk✓totdat die koopprys ten volle betaal is.
Finansiële koste✓ (bankkoste✓, administratiewe koste✓, rente✓) en versekering✓ moet betaal word. (4)
*Verstaan, Matig* (F p 148, S p 162)

5.3 5.3.1
- Herlaaibare batterye is omgewingsvriendelik/hernubare bron van energie✓
- Bespaar elektrisiteit omdat batterye gebruik word✓
- Herlaai aanwyser dui aan wanneer batterye herlaai is✓ – herlaaier kan verwyder word om krag te bespaar✓
- Hoofstroomspanning is 7,2 V dit is 'n laer energieverbruik dus omgewingsvriendelik. ✓ (Enige 2) (2)

*Toepassing, Matig* (uit gegewe inligting)

5.3.2
- Klein stofkapasiteit/0,5 liter stofkapasiteit beteken dat die stofsuier dikwels leeggemaak moet word✓
- Nie so kragtig soos ander stofsuiers nie.✓
- Sal nie deeglik skoonmaak nie.✓
- Skoonmaakarea is klein, dus sal dit lank neem om die hele huis skoon te maak.✓
- Meer geskik om plat areas skoon te maak.✓
- Kort werkstyd✓: sal dikwels die battery moet herlaai/sal nie die hele huis met een slag kan skoonmaak nie.✓
- Moet buig om vloere skoon te maak✓: rug sal seer word/stel eise aan menslike hulpmiddels.✓
- Kan moeilike plekke bykom✓ groter stofsuiers kan dit nie doen nie.
- Delikate oppervlakke sal nie beskadig word nie✓te wyte aan die ingeboude wiele. (Enige 7)

Gevolgtrekking:
- Hierdie stofsuier is nie geskik om 'n drieslaapkamerhuis skoon te maak nie. (1) (8)

*Evaluering, Matig* (F p 142–143, S 157, 158 en uit gegewe inligting)

**[40]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1
- Gee klante 'n positiewe ondervinding ten opsigte van klanteverhoudinge.✓
- Moet goed ingelig wees✓oor die besigheid.
- Goeie kommunikasie vaardighede/moet mense kan oorreed om te koop.✓
- Gebruik terugvoering/luister na terugvoering/klante.✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (F p 34, S p 33)

6.2
- Aantreklike verpakking/wat aandag sal trek/is die eerste ding wat 'n klant sien/opmerk.✓
- Aantreklike verpakking sal maak dat die verbruiker die inligting op die etiket lees/aanmoedig om die produk te koop.✓
- Verbruikers koop eerder produkte wat in sterk gerieflike verpakkings verpak is/wat die produk sal beskerm/goed ontwerp is/maklik hanteerbaar is, dit kan verkope verhoog. ✓
- Verpakking wat uitstaan/kenmerkend is, het 'n gunstige invloed op die klante, sal verkope verhoog. ✓
- Verbruikers koop eerder produkte in veilig en higiëniese verpakking wat besmetting sal verhoed.✓
- Goed ontwerpte verpakking reflekteer 'n goeie beeld van die besigheid. ✓

(Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik* (F p 20, 30, S p 29)

6.3 6.3.1
- Die plaaslike skool✓
- Plaaslike mynmaatskappye✓
- Toeriste/Toeristewinkels✓
- Plaaslike maatskappye/verbruikers wat funksies aanbied ✓

(Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik* (F p 20, S p 13, 33)

6.3.2
- Die eindresultaat sal altyd dieselfde wees, al maak verskillende mense dit.✓
- Die produkte sal altyd dieselfde wees ten opsigte van voorkoms, ✓ grootte, ✓ massa, ✓ kleur✓ en styl✓
- Produkte is altyd dieselfde hoë kwaliteit/Die kwaliteit van die produkte is konsekwent.✓
- Die behoeftes en begeertes van die teikenmark word bevredig./Klante kry wat hulle verwag.✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik* (F p 8, 16, S p 15, 21)

6.3.3 Opleiding stel werknemers in staat om:

- Die werk te doen/te weet wat van hulle verwag word✓
- Die kwaliteit van die werk te verbeter✓
- Gemotiveerd te wees✓
- Produktiwiteit te verhoog✓
- Werkstevredenheid te verhoog✓
- Werknemers se moraal te verbeter✓
- Afval te verminder✓
- Onderhoud en herstelkoste te verminder (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik* (F p 25, S p 26)

6.3.4 R2 810.00 + R1 300.00 + R500.00 = R4 610.00✓

R4 610.00 x 70%✓ = R3 227.00✓

R4 610.00 + R3 227.00 ✓= R7 837.00✓

R7 8377.00 ÷ 200✓ = R39,19
= R39.00✓

**OF**

R2 810.00 + R1 300.00 + R500.00 = R4 610.00✓

R4 610.00 ÷ 200✓ = R23.05✓

R23.05 x 70%✓ = R16.14✓

R23.05 + R16.14✓ = R39.19
= R39.00✓ (7)

*Toepassing, Matig* (F p 37–38, S p 38-41)

6.3.5

- Lee het 'n passie✓vir kos/naaldwerk/haar besigheid/om haar produkte te produseer. ✓
- Sy is hardwerkend✓ en kreatief.✓
- Sy het 'n aantal geskikte teikenmarkte/groepe✓
- Haar besigheid het geskikte produkte vir haar teikenmark/wat die teikenmark se behoeftes vervul.✓
- Haar besigheid is naby haar teikenmark/groep geleë.✓
- Die produkte word deur mondelinge advertensie ('word of mouth') en selfoonfoto's bemark ✓ wat inligting vinnig versprei.
- Daar is dwarsdeur die jaar 'n mark vir die produkte.✓

(Enige 6) (6)

*Toepassing, Matig* (F p 7, S p 10–11 en uit die scenario)

6.3.6 (a) Mondelinge advertensie ('word of mouth')

Wat die mense oor haar produkte sê/foto's wek belangstelling by ander mense/skep 'n behoefte✓ om die produkte te koop. Die toename in bestellings het haar besigheid 'n hupstoot gegee.✓ (2)

(b) Selfoonfoto's

Meeste mense het selfone✓ dus is dit maklik/vinnig✓om foto's en inligting te stuur. ✓
Die foto's het die mense in die omgewing/toeriste/plaaslike skool/mynmaatskappye✓ se aandag getrek✓ (4)
*Analiseer, Matig* (F p 30–31, S p 30)

6.3.7

- November/Desember/Kerstyd✓want mense koop geskenke✓
- Tydens vakansies/feesseisoen eet mense meer en onthaal hulle meer✓en hulle sal ook meer skinkborde met kos ('platters') en melkterte koop,✓sodoende verhoog die omset.
- Mense het ekstra geld (bv. bonus) en kan bekostig om te koop.✓
- Oorsese toeriste besoek Suid-Afrika in die somer✓en sal waarskynlik die tekstielaandenkings koop✓
- In Desember hou Suid-Afrikaanse skole vakansie en baie mense mag dalk die historiese dorpie besoek.✓ (Enige 4) (4)

*Skep, moeilik*

**40**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou